sapapers.co.za

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:

   Afdeling A Leesbegrip (30 punte)
   Afdeling B Opsomming (10 punte)
   Afdeling C Poësie (30 punte)
   Afdeling D Taalvaardigheid (30 punte)

3. Beantwoord al die vrae.

4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.

5. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.

6. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

7. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.

8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

---

IEB Copyright © 2022 

## AFDELING A LEESBEGRIP

## VRAAG 1 INTERNETARTIKEL

**Bestudeer die teks hieronder en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**

**Negejarige professor kry toekenning (award) in Suid-Afrika**




1 'n Negejarige professor, wat glo een van die jongste professors in die wêreld is, is hierdie week in Suid-Afrika met 'n toekenning vir uitstekende prestasie vereer. Die "wonderkind", Soborno Isaac Bari, is ook reeds vir 'n Nobelprys benoem.

2 Die Da Vinci-instituut vir Tegnologiebestuur het sy toekenning Maandag aan Bari in Modderfontein, Gauteng, gegee. Die toekenning word aan 'n persoon of groep mense gegee wat deur goeie leierskap en 'n passie vir ontwikkeling baie vir hulle gemeenskappe beteken.

3 Bari wat die toekenning saam met die Suid-Afrikaanse toneelskrywer John Kani in 2021 gekry het, het in 2016 op vierjarige ouderdom 'n boek met die naam *The Love* geskryf. In dié boek het hy mense aangemoedig om teen terrorisme te baklei en om vir wêreldvrede te staan.

4 Dié boek het verlede jaar regoor die wêreld baie lof gekry en dit het daartoe gelei dat Bari ook 'n toekenning van die SP Pune Universiteit in Indië gekry het.

5 Hy het verlede jaar die Global Child Prodigy-toekenning gekry en in Junie hierdie jaar het Indië hom vir 'n Nobelprys vir vrede benoem.

6 Bari is in 2012 in New York gebore. Toe hy ses maande oud was, het hy reeds in volsinne begin praat en teen tweejarige ouderdom kon hy wiskunde- en wetenskapprobleme oplos.

7 "My pa was die een wat vir my wiskunde en wetenskap begin leer het. Ek het toe begin om te eksperimenteer, want ek wou sien hoe dinge werk. Nou is dit my passie!"

8 Toe Bari net vier jaar oud was, het dr. Lisa Coico, president van City College New York, hom reeds die "Einstein van ons tyd" genoem, nadat hy 'n reeks toetse in wiskunde en wetenskap voltooi het. Oudpresident Barack Obama het in dieselfde jaar 'n brief aan Bari gestuur om hom geluk te wens met sy prestasies.

IEB Copyright © 2022

| | |
|---|---|
| 9 | Hy het op sewejarige ouderdom sy eerste salaris as 'n professor gekry, toe hy by die Mumbai Universiteit 'n klas gegee het. |
| 10 | Bari het saam met lede van sy familie 'n YouTube-kanaal, Bari Science Lab, begin waarin hy probleme in wiskunde en wetenskap oplos. |
| 11 | Bari, wie se moedertaal Bengaals is, is besig om sy hoërskoolloopbaan te voltooi en hoop om binnekort 'n voltydse professor in wiskunde en wetenskap te word. |
| 12 | Suid-Afrikaners wat al die Da Vinci-instituut se prys gekry het, is prof. Thuli Madonsela, dr. Ali Bacher en Gift of the Givers se dr. Imtiaz Sooliman. |

[Verwerk en aangepas uit: <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/negejarige-prof-in-sa-vereer>]

1.1 Bari word in paragraaf 1 as 'n "wonderkind" beskryf. Wat is 'n ***wonderkind***? (1)

1.2 Waar in Suid-Afrika het Bari sy prys ontvang? (1)

1.3 Antwoord WAAR of ONWAAR op die volgende stelling:

Bari is die enigste persoon wat in 2021 die toekenning in Suid-Afrika ontvang het.

Haal 'n **frase** aan om jou antwoord te bewys. (2)

1.4 Wat moedig Bari mense in sy boek, *The Love*, aan om te doen? Noem een ding. (1)

1.5 In watter ander land, behalwe Suid-Afrika, het Bari ook al 'n toekenning gekry? (1)

1.6 Hoe het Bari se ouers op 'n vroeë ouderdom geweet dat hulle seun spesiaal/ anders is? (2)

1.7 Haal **twee opeenvolgende woorde** aan om te wys dat Bari al geld vir sy werk as professor gekry het. (1)

1.8 Bari, wie se moedertaal Bengaals is, is besig om sy hoërskoolloopbaan te voltooi en hoop om binnekort 'n voltydse professor in wiskunde en wetenskap te word.

Hoekom is die sin ironies?

Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die korrekte alfabetletter neer.

(a) Hy is al 'n professor voordat hy matriek geslaag het.
(b) Hy hou meer daarvan om 'n professor te wees as om skoolwerk te doen.
(c) Hy dink nie dat dit belangrik is om 'n matriek te hê nie. (1)

**[10]**

## VRAAG 2 ADVERTENSIE

**Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord dan die vrae wat volg.**




Ons is baie opgewonde om die promosie te begin!
Jy kan nou **vyf gratis boeke ontvang** deur drie mense suksesvol te verwys na die *Klasgids*.

**Hoe lyk 'n suksesvolle verwysing?**

- Die persoon moet een van die onderstaande pakkette koop.
- Sodra die persoon die betaling gemaak het, moet die bewys van betaling binne 24 uur na info@klaskameraad.co.za gestuur word.
- Saam met die bewys van betaling, moet die persoon ook duidelik sê wie hom/haar verwys het.
- Hierdie promosie is tot 25 Maart 2022. Verwysings sal slegs geld wanneer dit voor die 26ste Maart gestuur word.

**Die persoon wat die meeste suksesvolle verwysings het, kry hulle 2022-subskripsie verniet, asook 'n geskenkbewys van R500 by Takealot.**

Indien jy graag 'n kwotasie wil ontvang of 'n EFT-betaling wil maak, stuur gerus 'n e-pos aan info@klaskameraad.co.za

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Kliek hier vir Laerskool Klasgids Goud** | **Kliek hier vir Hoërskool Klasgids Goud** |

[Bron: aangepas uit 'n e-pos advertensie]

2.1 Kyk na die advertensie op bladsy 4 en 5.

2.1.1 Wie is die teikengroep van die advertensie? (1)

2.1.2 Hoekom sal mense van die teikengroep graag die advertensie gebruik? (1)

2.2 Haal **'n woord** uit die advertensie aan wat dieselfde as *gratis* beteken. (1)

2.3 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

*Net een onderwyser wat mense na die Klasgids verwys sal 'n subskripsie verniet kry.*

**Haal 'n deel van 'n sin aan** om jou antwoord te bewys. (2)

2.4 Haal **een woord** uit die advertensie aan wat wys hoe die adverteerders VOEL omtrent die spesiale aanbieding. (1)

2.5 Noem **een** van die twee pakkette wat 'n persoon kan koop. (1)

2.6 2.6.1 Hoe weet jy dat die bewys van betaling **in die tydspan van een dag** na klaskameraad gestuur moet word? (1)

2.6.2 Wat moet saam met die bewys van betaling aan klaskameraad gestuur word?

Antwoord in 'n volsin en in jou eie woorde. (1)

2.7 Watter **woord** in die advertensie op bladsy 5 bewys dat hierdie 'n aanlynadvertensie is? (1)

**[10]**

## VRAAG 3 VISUELE BEGRIP – SPOTPRENT

**Bestudeer die spotprent en beantwoord dan die vrae wat volg.**




[Bron: *Die Volksblad,* 15 September 2015]

3.1 Hoe kan ons sien dat die seun (A) **gemaklik** op die stoel sit? (1)

3.2 Wat het Pa om sy arm wat hom sal help as hy wil weet hoe laat dit is? Gee slegs een woord. (1)

3.3 Hoe kan ons aan die kat se **lyftaal** sien dat hy kwaad is? (1)

3.4 Die seun lees uit *Die Volksblad*. Watter tipe publikasie is *Die Volksblad*? (1)

3.5 Hoe weet ons dat die seun met sy ma praat? (1)

3.6 Wat aan die ma se gesigsuitdrukking wys dat sy bang vir wiskunde is? (1)

3.7 Hoekom, dink jy, is mense bang vir wiskunde? (1)

3.8 Watter visuele leidraad is daar dat die pa ook met wiskunde sukkel? (1)

IEB Copyright © 2022

3.9 Watter woord beskryf die pa se gesigsuitdrukking die beste?

Skryf slegs die korrekte alfabetletter as antwoord neer.

A Teleurgesteld
B Verbaas
C Angstig
D Tevrede (1)

3.10 Is die seun besig om wiskunde te doen? Motiveer jou antwoord in jou eie woorde. (1)

**[10]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2022

## AFDELING B OPSOMMING

## VRAAG 4 OPSOMMING VAN KOSBESTELLINGS



Die graad 12's is kelners by die onderwysers se eindjaarfunksie en moet hulle kos- en drankbestellings neem.

- Som die vyf onderwysers se bestellings in 5 punte en 70 woorde op.
- Maak seker dat elke persoon se bestelling 100% korrek is.
- Noem wat die onderwyser **wil eet en ook wat hulle wil drink**. Jy moet al die onderwyser se voorkeure (preferences) noem sodat hulle die regte kos kry.

**Onthou:**

- Skryf telkens **wat** die vyf onderwysers besluit het om te **eet** en **te drink**.
- Moenie die sinne direk uit die teks aanhaal nie.
- Elke sin/sinne moet die onderwyser se **kos** en **drankbestelling** bevat.
- **Elke antwoord mag een of twee sinne bevat.**
- Nommer jou punte 1 tot 5.
- Laat 'n reël oop na elke nommer.
- Jou opsomming mag nie minder as 60 woorde of meer as 80 woorde lank wees nie.
- Skryf die woordtelling aan die einde neer.
- Trek 'n streep deur jou beplanning.

IEB Copyright © 2022

Goeiemiddag Onderwysers. Ek is seker julle is dankbaar dat die jaar verby is. Kan ek asseblief julle bestellings neem?

| | |
|---|---|
| Mev. Maikeco | Ek is doodhonger. Ons moes na so baie toesprake luister. Ek dink 'n hoenderburger is net die ding vir my. Maak asseblief seker dat daar geen tamaties op is nie. Ek hou van tee, maar op 'n warm dag soos vandag, sal ek ook yskoue dieet kola neem. |
| Mev. Reddy | Na 'n lang, moeilike jaar is ek reg om fees te vier. Die spyskaart het so baie opsies. Die salmslaai klink vir my na die perfekte maaltyd. Bring asseblief ook water met baie ys in om saam met my kos te geniet. |
| Mnr. Brown | O nee, slaai sal my nie versadig maak nie. My maag skree behoorlik. Biefstuk sal die ding doen. Dit moet goed gaar gemaak wees. Ek wil geen bloed sien uitloop nie. Ek is ook lus vir 'n heerlike koppie koffie, met geen melk nie, asseblief. |
| Me. Thusi | Rooivleis is beslis nie vir almal nie. Ek probeer om gesonder te eet, want die dokter sê ek moet my cholesterol beheer. Vir daardie rede, sal ek die tuna met gestoomde groente vat. Saam met my kos wil ek ystee hê, asseblief. Die ystee moet suikerloos wees. |
| Mnr. Oliphant | Ek is nou al vyftien jaar 'n vegetariër, daarom bestel ek ook 'n maaltyd met groente in. Kan ek asseblief die Thaise groentekerrie kry? Maak net seker dat daar nie grondboontjies in is nie, want ek is allergies daarvoor. Ek drink nie alkohol nie en sal 'n wit druiwesap daarmee saam drink. |

Baie dankie, onderwysers. Ek wil net elkeen se bestelling herhaal sodat ek seker kan wees dat julle die regte kos kry …

**10 punte**

## AFDELING C POËSIE

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.**

**Taylor Swift** – *Kobus Grobler*
*Vir Liebet*

jy herhaal
haar woorde van melancholie
vir die hoeveelste keer

weer

en nou ná heeldag lank
se periodes skoolwerk
en pouses
alleen
se draal in die liedjie
val jy met skooluniform taai van skool
skoene uitgeskop
op die bed neer
sing jy die woorde
van haar nuutste CD
gelaai in MP3
snik
huil
grens
jy

want vir die eerste keer
in die spieël
met jou pa se oë vol trane
verstaan jy
weet jy
hoekom bome hulle blare verloor

[Bron: Toulopers: Verse vir Tieners – Saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

5.1 Noem een van die twee sintuie wat in die gedig gebruik is? Gee slegs een woord. (1)

5.2 Noem TWEE kenmerke van 'n vrye vers wat in die gedig voorkom. (2)

5.3 Haal **twee aparte woorde** uit strofe 1 en 2 aan wat wys dat Liebet **baie** na Taylor Swift se liedjie luister. (1)

5.4 "en nou ná heeldag lank" (versreël 5)

Waar was Liebet "heeldag lank"? (1)

IEB Copyright © 2022

5.5 In versreël 10 word daar na die "skooluniform taai van skool" verwys.

5.5.1 Wat is die letterlike betekenis van die "taai" skooluniform? (1)

5.5.2 Wat is die figuurlike betekenis van die "taai" skooluniform? (1)

5.6 Watter een van die volgende woorde verwys NIE na die dogter se emosies in strofe 2 nie. (1)

A swaarmoedig
B hartseer
C vreugde
D droewigheid

5.7 Skryf die versreël neer waarin die wending van die gedig voorkom. (1)

5.8 Wat besef die dogter in die laaste strofe? (1)
**[10]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

**Lees die gedig deeglik deur en beantwoord dan die vrae wat volg.**

**Touloper** – *Fanie Viljoen*

die storms woed weer in ons huis vandag
maar vol durf klim ek op die tou
voetjie vir voetjie skuifel ek vorentoe
verby die verwyt-winde van
*het jy al weer*
*ek het mos gesê*
*wat het jy gedoen*
gekwelde oë kyk vir my van doer onder
ver verwyder van my kollig-balanseertruuk
my tou web tussen
mure en deurhandvatsels
familiefoto's en almanakke
blitsende tv-beelde en internetkonneksies
tot by die tuinhek
ek is hoog bo die grond
weg van alles behalwe die wind
maar ek dink nie daaraan nie
ek hou my oog op die tou
ek balanseer my lewe
en voet vir voet skuif ek vorentoe
deur die storm

[Bron: Toulopers: Verse vir Tieners – Saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

6.1 "*maar vol durf klim ek op die tou*".

6.1.1 Identifiseer die stylfiguur wat in bogenoemde versreël (versreël 2) verskyn. (1)

6.1.2 Wat is die funksie van die stylfiguur wat in Vraag 6.1.1 geïdentifiseer is? (1)

6.2 Watter **woord** in versreël 3 dui daarop dat die spreker voel dat hy vordering maak? (1)

6.3 Identifiseer die beeldspraak in versreël 8. (1)

6.4 Waarop dui die gebruik van die woord "web" in versreël 10 oor hoe die spreker in sy huis voel? (1)

6.5 Haal een voorbeeld van 'n ***verwyt*** uit die gedig aan. (1)

6.6 Wat is die letterlike betekenis van die woord "touloper"? (1)

IEB Copyright © 2022

6.7 Die aanhalings "doer onder" (versreël 8) en "Hoog bo die grond" (versreël 15) is 'n voorbeeld van kontras. Wat wys die kontras vir die leser?

Skryf slegs die korrekte alfabetletter neer.

A Dit wys dat die spreker en ouers ver verwyder van mekaar is.
B Dit wys hoe gevaarlik dit is om op 'n tou te loop.
C Dit wys dat die ouers bekommerd oor die spreker is.
D Dit wys dat die ouers baie baklei en dit die spreker hartseer maak. (1)

6.8 Kies die korrekte woord om die stelling sinvol te voltooi:

Die stemming aan die einde van die gedig is (optimisties/pessimisties). (1)

6.9 Daar is 'n ek-spreker in die gedig. Hoe beïnvloed dit hoe die leser oor die spreker voel? (1)

**[10]**

IEB Copyright © 2022 

## VRAAG 7 ONGESIENE GEDIG

### **Afrika** – *Dineke Volschenk*

My land, my milde Afrika,
Wanneer dit volmaan is
Dan is jy mooier
As enige katedraal met torinkies
Of enige skeefgeleefde stad
Wat aamborstig proes
en geskiedenis sypel

Afrika
Wat wyd kan dans
Groen kan lok
Lenig en soepel skater
Jy ruik na reën
Na stof
Jy ruik na lemoene
Die lug is hier so helder
Dat mens op 'n nag
Die baard van die maan
Kan voel steek.

My land, my milde Afrika
Ek eien jou
Vir my toe.

[Bron: *Lees is 'n fees*, Out of Africa, 1994]

7.1 Watter tyd van die dag is Afrika die mooiste vir die spreker? (1)

7.2 Voltooi die sin deur uit die antwoorde hieronder te kies. Skryf slegs die korrekte alfabetletter neer.

In versreëls 5, 6 en 7 word 'n voorbeeld van _______________ gekry.

A metafoor
B personifikasie
C vergelyking
D sinekdogee (1)

7.3 7.3.1 Wat word die stylfiguur in versreël 8 genoem? (1)

7.3.2 Wat is die funksie van die stylfiguur? (1)

7.4 Wie of wat word in die gedig aangespreek? (1)

IEB Copyright © 2022

7.5 Wanneer sal Afrika moontlik na stof ruik? (1)

7.6 Skryf 'n versreël uit strofe 2 neer waarin alliterasie voorkom en dui die klanke aan wat allitereer. (1)

7.7 Strofe 3 het 3 versreëls – wat word 'n driereëlige strofe genoem? (1)

7.8 In versreëls 16–18 vind ons 'n voorbeeld van 'n metafoor. Waarmee word die maan vergelyk? (1)

7.9 Voel jy ook soos die spreker oor Afrika? Motiveer jou antwoord. (1)

**[10]**

**30 punte**

## AFDELING D TAALVAARDIGHEID

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

**Bestudeer die prent hieronder. Herskryf die sinne soos aangedui.**




[Bron: Google images]

8.1 Die pen is rooi. Die onderwyser skryf met die pen.

Die pen waarmee … (1)

8.2 Die seun sê: "Ek moet met die onderwyser praat."

Die seun sê … (1)

8.3 Die meisie hou haar hand in die lug om iets vir die onderwyser te vra.

Haar hand … (1)

8.4 Die onderwyser het professionele klere aangetrek.

Vandag … (1)

8.5 Die onderwyser draai sy kop, want hy kyk na die meisie.

Die onderwyser draai sy kop om … (1)

8.6 Die meisie gaan voor in die klas staan. Sy wil met die onderwyser praat.

Nadat … (1)

IEB Copyright © 2022

8.7 Die seun vergeet van sy skoolwerk wanneer hy sy vriende sien.

Vroeër … (1)

8.8 Het jy al ooit so 'n goeie onderwyser gehad?

Nee, … (1)

8.9 Die onderwyser het baie boeke in sy skooltas.

Volgende week … (1)

8.10 Die seun steek sy hand op om 'n vraag te vra.

Laas keer … (1)

8.11 Die onderwyser is gou deur die seun in die klas gestop.

Die seun … (1)

8.12 Die onderwyser het baie werk aangesien dit amper die einde van die termyn is.

Die onderwyser het baie werk dus … (1)
**[12]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

**Lees die paragraaf wat op die prent gebaseer is, deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word.**

**Skryf die nommer en die korrekte antwoord ONDER MEKAAR in jou Antwoordboek neer.**



[Bron: Google images]

Dit is 9.1 **(autumn – gee die Afrikaanse woord)** en dit word al hoe 9.2 **(vroeg – gee die vergrotende trap)** donker. Dit is nou eers 9.3 **(17:30 – skryf uit in woorde)** en ek kan voel dat dit 9.4 **(koud – gee die vergrotende trap)** as 'n maand 9.5 **(gelede/verlede – kies die korrekte antwoord)** is.

Die gesin is baie lief 9.6 **(op/met/vir – kies die korrekte voorsetsel)** mekaar. Hierdie 9.7 **(plek – gee die verkleining)** langs die rivier is 9.8 **(beslis – gee 'n sinoniem)** 'n goeie 9.9 **(kies/keuse/verkies – kies die korrekte woord)** vir 'n piekniekplek. Pa maak altyd seker dat die piekniekplek 9.10 **(gevaarlik – gee die antoniem)** is.

IEB Copyright © 2022

9.11 **(Baba – gee die meervoud)** sal hierdie plek ook geniet. 9.12 Ma **(konsentrasie – gee die werkwoord)** baie hard om nie die 9.13 **(braai – gee die swak verlede deelwoord)** worsies te brand nie.

9.14 **(Hulle/hulle se/hulle s'n – kies die korrekte voornaamwoord)** gesinstyd is vir die gesin baie belangrik. Die ouers maak altyd tyd 9.15 **(vir + dit – gee een woord)** en Ma word 9.16 **(kwaad – gee die intensiewe vorm)** as iets gebeur wat hulle gesinstyd bederf.

**[8]**

IEB Copyright © 2022 

## VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

- Kyk na die prent hieronder.
- Ná die prent volg vyf punte wat elk 'n denkbeeldige situasie skets.
- Lees elke situasie wat geskets word en skryf 'n sin neer wat jy dink die persoon in die situasie sou sê.
- In die beskrywing van elke situasie is 'n paar **vetgedrukte woorde**. Hierdie woorde mag nie in jou sin herhaal word nie.
- Elke antwoord moet **15–20 woorde** lank wees.
- Skryf elke antwoord se woordtelling neer.



[Bron: Google images]

10.1 Jy is laat vir jou sokkeroefening. Wat sê jy vir jou afrigter om **om verskoning** te vra. Noem ook **hoekom** jy laat is. (2)

10.2 Die afrigter is baie **ontsteld/kwaad.** Wat sê hy vir jou om sy **ontsteltenis/woede** te wys? Noem ook wat die straf gaan wees omdat jy laat was. (2)

10.3 Die ander spanmaats is baie **geskok** oor wat die afrigter sê. Wat sê hulle vir jou om te wys hoe geskok hulle is? Noem ook wat hulle oor die saak gaan doen. (2)

10.4 Jou ma is baie **bekommerd** oor die emosionele letsels wat die afrigter se woorde op jou gaan los. Watter **raad** gee sy vir jou? (2)

10.5 Jou vriendin **nooi** jou **uit** om iets prettig te gaan doen. Skryf haar **uitnodiging** neer en ook wat sy **voorstel** julle gaan doen. (2)

**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2022